Laerskool Jan van Riebeeck

Kloofstraat 52, Kaapstad 8001 Tel. 021 423 4209

Webtuiste: laerskooljanvanriebeeck.co.za E-pos: ontvangs@jvrprim.co.za

# LEERDERS: AANVAARBARE GEBRUIKBELEID

By Laerskool Jan van Riebeeck neem ons aanlyn veiligheid baie ernstig op. Daarom vereis ons dat alle leerders die Aanvaarbare Gebruikbeleid verstaan en voltooi.

Die Aanvaarbare Gebruikbeleid is eenvoudig 'n stel reëls wat opgestel is om leerders te beskerm wanneer hulle aanlyn werk.

Omdat 'n aanvaarbare gebruikbeleid 'n moeilike konsep vir kinders kan wees om te verstaan, versoek ons dat ouers dit by die huis saam met hul kinders lees en bespreek. Wanneer jy tevrede is dat jou kind die konsep verstaan, voltooi asseblief die onderstaande vorm om jou en jou kind se aanvaarding van die Aanvaarbare Gebruikbeleid te registreer.

**Onderneming deur die leerder:**

**Leerder se naam en van:** ________________________________________

**Graad en klas:** _________________________

**Datum:** ______________________________

**Ek onderneem:**

- Om die skool se rekenaars en tegnologie slegs vir skoolwerk te gebruik soos deur my onderwyser(s) aan my toegeken.
- Om nie onwelvoeglike foto's, video's of onvanpaste inligting te soek of vir ander leerders te wys nie.
- Om ander persone se werk te respekteer en dit nie as my eie te gebruik of voor te hou nie.

**Ek sal nie:**

- Ander persone se werk of foto's gebruik sonder die nodige toestemming of verwysing nie.
- Die skool se rekenaartoerusting moedswillig beskadig nie; as ek iets per ongeluk beskadig, sal ek my onderwyser daaroor inlig.
- My wagwoord met ander persone deel nie. As ek my wagwoord vergeet, sal ek my onderwyser om hulp vra.
- Ander persone se e-posadresse, wagwoorde, Microsoft- of ander aanlyn rekeninge gebruik, of voorgee dat ek iemand anders is nie.
- My persoonlike inligting aanlyn met iemand deel nie.

- Sagteware of ander digitale inhoud van die internet aflaai sonder my onderwyser se toestemming nie.

**Ek sal:**

- My onderwyser in kennis stel as iemand my persoonlike inligting vra.
- My onderwyser in kennis stel as iemand iets sê of doen wat my ontstel of seermaak.
- My onderwyser in kennis stel as ek sien dat ander leerders verkeerd optree.
- Aanlyn met respek teenoor ander optree en my nie skuldig maak aan die gebruik van krutaal of aanlyn boeliegedrag nie.

**Ek verstaan:**

- Dat almal op die internet nie noodwendig is wie hulle voorgee om te wees nie.
- Dat as ek hierdie reëls oortree daar gevolge vir my optrede sal wees en my ouers in kennis gestel sal word.

**Ek weet:**

- Dat ek vir 'n volwassene wat ek vertrou, moet vertel as iets of iemand my op die internet ontstel.

**Onderneming deur ouer(s):**

**Ouer se naam en van:** ____________________________________________

**Ouer se handtekening:** ____________________________________________

**Datum:** ______________________________

Ek het hierdie reëls saam met my kind gelees en dit met hom/haar/hulle bespreek en ek is tevrede dat hy/sy/hulle dit verstaan.

Ek is ook tevrede dat my kind die erns van onvanpaste internet en tegnologiegebruik by die skool verstaan.